

TWEDE HOOFSTUK.

A. DIE SIN.

§ 51. 'n Sin is 'n gedagte, uitgedruk in woorde. 'n Gedagte bestaan altyd uit twee dele, nl. iets waaroor 'n mens dink, en wat hy daarvan dink. Daarom moet 'n sin ook altyd uit daardie twee dele bestaan. Die persoon of ding, waaroor ons dink of praat, noem ons die *onderwerp*; en wat ons daaroor dink of sê, is die *gesegde*.

§ 52. Ons kan van die onderwerp sê:

1. dat dit *bestaan*: *God is. Sy Woord bestaan tot in ewigheid.*
2. wat of hoe dit is: *My broer is timmerman. Ma is siek.*
3. dat dit iets *doen* of *ondergaan*; in altwee gevalle noem ons 'n *werking* wat plaasvind:

Die seun skiet 'n springhaas. (Die ond. doen iets.)

Hierdie koerant word baie gelees. (Die ond. ondergaan iets.)

Die eerste soort sin is 'n *bestaansin*, die tweede 'n *hoedanigheidsin*, en die derde 'n *bedrywende* of *lydende werkingsin*.

OPMERKING. In 'n bestaansin kan ook gesê word, dat die onderwerp *ontstaan*, d.i. begin te bestaan, b.v.: *Daar ontstaan 'n misverstand. Daar gebeur 'n ongeluk*; of dat dit *voortgaan* om te bestaan, b.v.: *Die armoede bly maar in die land.*

§ 53. Sinne word ook onderskei volgens die manier waarop hulle gemaak is: as 'n sin maar een gedagte bevat, noem ons dit 'n *enkelvoudige* sin; as daar meer as een gedagte tot een geheel verenig is, noem ons dit 'n *samegestelde* sin.

a. DIE ENKELVOUDIGE SIN.

I. Die onderwerp.

§ 54. Die onderwerp is altyd 'n snw. of iets wat daarmee gelykstaan.

In 'n werkingsin kan die onderwerp die werking doen of ondergaan. In grammatika noem ons *doen*, *bedrywe*; en *ondergaan* noem ons *ly*. Dus kan ons sê dat in 'n werkingsin die onderwerp *bedrywend* of *lydend* is, en dan noem ons die hele sin *bedrywend* of *lydend*. Dus: 'n Bedrywende sin is 'n sin met 'n bedrywende onderwerp; 'n lydende sin is 'n sin met 'n lydende onderwerp; m. a. w. in 'n bedrywende sin doen die onderwerp iets, en in 'n lydende sin ondergaan hy iets.

By 'n bestaansin en 'n hoedanigheidsin word nie van 'n werking gepraat nie; die onderwerp kan dus nie bedrywend of lydend wees nie.

II. Die gesegde.

§ 55. In bestaan- en werkingsinne is die gesegde altyd 'n ww.; b.v.:

Best.sin: *Daar is 'n storm op see. Daardie moontlikheid bestaan altyd.*

Werk.sin: *Die kinders speel. Die foute word verbeter.*

Maar in 'n hoedanigheidsin is die gesegde nie 'n ww. nie. In die sin: *My broer word timmerman*, is die gesegde: *timmerman*; in die sin: *Ma is siek*, is die gesegde: *siek*. Dis waar, die woorde „word timmerman” en „is siek” vorm die volledige gesegde, maar die hoofwoorde daarvan is „timmerman” en „siek”, terwyl *word* en *is* maar net aanvullings is om die sin goed aanmekaar te hou. In telegramme laat ons hierdie woordjies partykeer ook maar weg; dit sou egter onmoontlik wees om *timmerman* en *siek* weg te laat.

§ 56. In die sin: *My broer is timmerman*, is die gesegde 'n snw., en sê wat die onderwerp is. In die sin: *Ma is siek*, is die gesegde 'n bnw., en sê hoe die onderwerp is. In altwee gevalle is die gesegde dus 'n naamwoord. Daarom noem ons so 'n gesegde 'n **naamwoordelike**

gesegde, en die woord waarmee dit aan die onderwerp verbind is (in hierdie voorbeelde *word* en *is*) word die **koppelwoord** genoem.

§ 57. Koppelwoorde noem nie 'n werking nie, maar word tog tot die werkwoorde gereken. Die vernaamste daarvan is: *is, bly, word, lyk, skyn, heet*.

§ 58. In teenstelling met die naamwoordelike gesegde van 'n hoedanigheidsin, noem ons die gesegde van 'n bestaan- of werkingsin 'n **werkwoordelike gesegde**.

§ 59. By sinne met 'n onpersoonlike ww. is daar 'n eienaardige iets. In die sin: *dit reën*, is die ond. skynbaar die woordjie *dit*, maar in werklikheid is dit tog anders. Immers die woordjie *dit* word hier juis gebruik, omdat ons nie 'n persoon of ding kan noem, wat die werking verrig nie. Ons bedoel met hierdie sin dat daar 'n sekere werking, nl. *reën*, plaasvind, en *hierdie werking van reën is dus in ons gedagte die onderwerp*. Die gesegde, wat ons darem nie daarby sê nie, is so iets as *gebeur* of *vind plaas*. Ons noem die woordjie *dit* die *grammatiese* onderwerp, en *reën* die *grammatiese* gesegde; daarby let ons dan net op die woorde wat ons werklik sê. Maar as ons op die inhoud van die gedagte self let, moet ons *reën* die *logiese* onderwerp, en *gebeur* of *vind plaas* die *logiese* gesegde noem.

III. Voorwerpe.

§ 60. Behalwe onderwerp en gesegde kom daar in 'n sin nog ander woorde voor. Die vernaamste daarvan is die *voorwerpe*.

'n Oorganklike ww. kan nie *alleen* die ges. vorm nie. Dit is b.v. nie genoeg om te sê nie: *Ek slyp*. Die ww. vereis 'n aanvulling, b.v.: *Ek slyp my mes*. Soms vereis 'n oorg. ww. selfs twee aanvullings. By die ww. *stuur* is dit nie voldoende om te vermeld *wat* iemand stuur nie, b.v. *'n brief*; maar daar moet ook bygevoeg word *aan wie* of *vir wie*; want as daar niemand is aan wie die brief gestuur kan word nie, dan is dit glad onmoontlik om dit te stuur.

Ook is daar 'n klompie *onoorganklike* ww., wat 'n toevoeging nodig het. As ek b.v. *vertrou*, vereis die ww. dat ek daarby sê *op wie* of *wat*; b.v.: *Ek vertrou op my vriend*. Sonder hierdie aanvullings sou hierdie sinne nie volledig wees nie. Sulke toevoegings, wat *nodig* is, omdat die ww. hulle vereis, noem ons *voorwerpe*. Daarom sê ons:

Voorwerpe is noodsaaklike aanvullings van die gesegde.

Daar is drie soorte voorwerpe: *lydende*, *belanghebbende*, en *oorsaaklike* of *voorsetselvoorwerpe*.

a. *Die lydende voorwerp.*

§ 61. Soos die naam aandui, is 'n lydende voorwerp 'n voorwerp wat die handeling ondergaan. So 'n vw. kan of deur die werk ontstaan, b.v.: *Die timmerman bou 'n huis*; of deur die werk verander word, b.v.: *Die timmerman skaaf 'n plank*. In altwee gevalle kan ons die lydende vw. verander in 'n lydende onderwerp, en so die sin verander van 'n bedrywende in 'n lydende sin.

As die lydende vw. 'n naam van 'n mens is (gemeen of eie), of 'n pers. vnw. wat 'n mens aandui, of ook 'n eienaam van 'n dier, dan word die voorsetsel *vir* partykeer daarvoor gevoeg; b.v.:

Lea, kom vat vir babetjie.

Pas op, ek sal vir jou slaan.

Korneels, roep vir Wagter.

As dieselfde sinne in die lydende vorm oorgebring word, dan word die voorsetsel *vir* nie gebruik nie.

b. *Die belanghebbende voorwerp.*

§ 62. Ook hierdie naam sê duidelik wat daarmee bedoel word; dit is dan ook beter as *indirekte* voorwerp, die naam wat ouer taalboeke daaraan gee. Want die belanghebbende voorwerpe kom altyd voor by ww. wat op die een of ander manier uitdruk dat iets gegee of weggeeneem word; en dan is daar natuurlik altyd een of ander persoon, wat daar *belang* by het, dit kan wees tot sy voordeel of tot sy nadeel¹⁾.

¹⁾ Daarom word in Latynse grammatikas gepraat van Datief van voor- en van nadeel (*advantage* or *disadvantage*).

Daar is ook skrywers¹⁾, wat die belangh. vw. die *meewerkende* vw. noem; want, sê hulle, as iemand b.v. vir 'n arm man 'n sieling gee, dan moet die arm man sy hand uitsteek om dit aan te neem en so werk hy saam. Maar hierteenoor kan ingebring word dat die naam nie pas as iets van hom weggeneem word nie, want in dié geval sal hy eerder teen- as saamwerk.

§ 63. Die belangh. vw. word gebruik met of sonder die woordjies *aan* of *vir*. Die sin: *Ek sal my vriend 'n presentjie stuur*, kan ook só uitgedruk word: *Ek sal aan my vriend 'n presentjie stuur*; of: *Ek sal vir my vriend 'n presentjie stuur*. As die belangh. vw. nadeel van die handeling het, gebruik ons al of nie die woordjie *van*; b.v.: *Hy het dit van hom weggeneem*; *hy het hom die mes afgeneem*.

§ 64. Terwyl die belh. vw. nie lydend is, d.w.s. niks ondergaan nie, kan dit ook nie tot 'n lydende onderwerp gemaak word nie. In die sin: *Die dogtertjie het die dames 'n skottel met lekker vrugte aangebied*, is die *skottel* die lydende, en die *dames* die belh. vw. Nou kan ons die *skottel* tot lydende onderw. maak, maar nie die *dames* nie; m.a.w. ons kan sê: *'n Skottel lekker vrugte is aan die dames aangebied*; maar nie: *Die dames is 'n skottel lekker vrugte aangebied* nie. Die laaste sin moet dan wees: *Aan die dames is 'n skottel*, ens.

OPMERKING. Hier verskil dit van Engels. Die sin: *They gave the man a fair chance*, kan in Engels omgesit word met „*the man*” as lydende onderwerp: *The man was given a fair chance*. In Afrikaans kan ons nie sê: *Die man werd 'n behoorlike kans gegee* nie. In hierdie geval behoort ons te sê: *Die man het 'n behoorlike kans gekry*.

c. Die oorsaaklike voorwerp.

§ 65. Oorsaaklike voorwerpe word ook *voorsetsel-voorwerpe* genoem, omdat hulle meesal deur 'n voorsetsel aangedui word. Die naam „oorsaaklik” beteken, dat hulle gewoonlik 'n persoon of saak noem, wat *oorsaak* is, dat die handeling waarvan in die sin gepraat word, moontlik geword het. B.v. 'n sin soos: *Ek hoop*, is nie kompleet

¹⁾ o.a. De Hertog en Lohr vir Nederlands.

nie, en vereis 'n aanvulling. Hierdie noodsaaklike aanvulling is 'n *voorwerp*. Sê nou die voorwerp is: „my vriend”, dan word die sin: *Ek hoop op my vriend*. Maar nou is dit seker duidelik genoeg, dat my vriend die oorsaak van my hoop is; daar moet iets in my vriend wees wat maak dat ek my hoop op hom stel.

Nie altyd is dit so duidelik as in hierdie voorbeeld nie; maar dan is daar nog 'n ander iets waaraan ons hierdie soort voorwerpe kan herken, nl. die *voorsetsel*, wat daar gewoonlik voor staan. Daar is sekere ww. wat nie anders as met 'n bepaalde voorsetsel gebruik kan word nie. „*Hoop*” moet altyd 'n aanvulling hê wat met die voorsetsel *op* begin; „*twyfel*” neem die vs. *aan*; ens. As daar in die sin so 'n ww. is, waarop dieselfde voorsetsel altyd moet volg, dan het ons te doen met 'n *oorsaaklike voorwerp*.

§ 66. Oorsaaklike voorwerpe kan net so min as belh. vw. die lydende onderwerp van die sin word. Die sin: *Ek vertrou op my vriend*, kan nie verander word in: *My vriend word op vertrou* nie. Die sin: *Die skrywer twyfel aan die waarheid van daardie rapport*, kan nie verander word in: *Die waarheid van die rapport word deur die skrywer aan getwyfel* nie. Die voorsetsel moet by die snw. bly, en dus moet die sinne só wees: *Op my vriend word deur my vertrou. Aan die waarheid van die rapport word deur die skrywer getwyfel.*

OPMERKING I. Ook in hierdie geval laat die Engelse taaleie toe om 'n oors. vw. tot lydende ond. te maak, b.v.: *This author is not much thought of by many.*

OPMERKING II. Uit die eerste van die twee bo-staande voorbeelde blyk, dat hierdie konstruksie nie altyd aan te beveel is nie.

§ 67. Hier volg 'n aantal ww. wat oorsaaklike voorwerpe vereis, en die voorsetsel wat hulle gereeld neem:

<i>aandring</i>	op	<i>glo</i>	aan of in
<i>ag gee</i>	op	<i>hoop</i>	op
<i>afhang</i>	van	<i>klae</i>	oor
<i>beskik</i>	oor	<i>kyk</i>	na
<i>deelneem</i>	aan	<i>lag</i>	vir of oor
<i>dink</i>	aan of oor	<i>let</i>	op

<i>luister</i>	na	<i>stry</i>	oor
<i>lyk</i>	op	<i>treur</i>	oor
<i>oordeel</i>	oor	<i>twyfel</i>	aan
<i>praat</i>	oor of van	<i>verlang</i>	na
<i>reken</i>	op	<i>voorsien</i>	van
<i>sorg</i>	vir	<i>voorsien</i>	in
<i>spot</i>	met	<i>vra</i>	na
<i>spyt wees</i>	oor	<i>waarsku</i>	vir
<i>steun</i>	op	<i>wag</i>	op of vir
<i>strewe</i>	na	<i>wanhoop</i>	aan.

Ook 'n paar wederkerende ww. soos:

<i>hom bekommer</i>	oor	<i>hom verheug</i>	oor
„ <i>beroep</i>	op	„ <i>verlaat</i>	op
„ <i>skaam</i>	oor	„ <i>verwonder</i>	oor
„ <i>steur</i>	aan	„ <i>voorberei</i>	vir op
„ <i>verbly</i>	oor, in	„ <i>wag</i>	vir.

IV. Bepalings.

§ 68. Bepalings is toevoegsels wat nie bepaald nodig is nie, maar wat by die onderwerp, gesegde of voorwerp bygevoeg word, om die een of ander besonderheid daarvan te vermeld. Dit kan gebeur dat by die een of ander woord van so 'n bepaling weer 'n bepaling gevoeg is; dan noem ons dit 'n bep. van die 2de graad. Kom daarby weer 'n bepaling, dan is dit 'n bep. van die 3e graad; ens.

§ 69. Ons het al gesê (Kyk § 29), dat alles wat by 'n snw. gevoeg is, *byvoeglik* genoem word, en (Kyk § 36) dat ons *bywoordelik* noem alles wat by 'n ww., bvgl. w. of bw. gevoeg is. Daarom is daar twee soorte bepalinge: *byvoeglike* en *bywoordelike*. Om te onderskei, tot watter een van die twee soorte 'n bepaling behoort, moet ons dus oplet, by watter soort woord dit gebruik word.

a. *Byvoeglike bepalinge.*

§ 70. 'n Byvoeglike bepaling kan bestaan uit een woord, b.v.: 'n *groot hond*; dan noem ons dit 'n *eenvoudige* bvgl. bep.; of uit twee of meer woorde, wat tesame een deel van die sin uitmaak, b.v.: *die hond*

van my buurman; dit noem ons 'n bvgl. uitdrukking; of dit kan 'n klompie woorde wees, wat tesame weer 'n sin uitmaak, b.v.: *die hond, wat my sussie uit die water gered het*; en dan noem ons dit 'n bvgl. bysin.

§ 71. 'n Eenvoudige bvgl. bepaling is gewoonlik een of ander bvgl. woord; b.v.: *wit suiker*; *drie sielings*; *my hond*; *watter os? daardie perd*; *sulke mense*. Hier het ons voorbeelde van elke soort bvgl. woord; alleen die lidwoorde word nie as bvgl. bepalinge gereken nie.

§ 72. Daar is 'n paar gevalle, waar 'n eenv. bvgl. bep. nie 'n bvgl. woord is nie, maar 'n snw. Vereers is daar uitdrukkings soos: *Pa se pyp*. Hier is Pa die besitter van die pyp, wat ons kan hoor aan die toevoegsel *se* na die woord *Pa*. Dit is nie op sigself 'n woord nie, maar maak saam met die woord Pa die s.g. besitvorm van die woord Pa uit. Oor hierdie vorm praat ons in Hoofst. III.

Verder gebeur dit soms dat ons 'n persoon of saak tweemaal noem, die tweede keer met 'n ander naam as die eerste keer; b.v.: *Johannesburg, die goudstad*; *Wilhelm II, die gewese keiser*. Die tweede naam bedoel presies dieselfde persoon of saak as die eerste; ons noem dit 'n *bystelling* of *apposiesie*.

En ten derde word voor 'n eienaam partykeer nog 'n gemene snw. gebruik om aan te dui, tot watter soort of klas mense of dinge dit behoort; b.v.: *generaal Cronjé*; *die skip Vooruitgang*. Hierdie bepalinge noem ons *soortbepalinge*. Hulle staan voor, en die bystellings na die bepaalde woord.

§ 73. Van die bvgl. uitdrukkings sal ons hier 'n paar voorbeelde gee:

die man met die afbeen;
die eenaar van die plaas;
die opskrif op die graf;
'n hond sonder halsband;
'n versie uit die Bybel;
boekies vir die kleinspan.

In hierdie voorbeelde word die uitdrukkings gebruik

om die snw. wat voor staan, nader te bepaal. Hulle begin in die reël met 'n kort woordjie, soos *met, van, op, sonder, uit, vir, ens.*, wat ons om dié rede *voorsetsels* noem. (Kyk § 44.)

§ 74. By die bespreking van die samegestelde sin, sal ons die bvgl. bysinne behandel.

b. *Bywoordelike bepalings.*

§ 75. Bywoordelike bepalings word by die gesegde of by 'n bvgl. w. of bw. gevoeg om verskillende besonderhede te vermeld, soos *tyd, plaas, manier, middel, hoeveelheid, graad, rede, oorsaak, doel, gevolg, omstandigheid, voorwaarde, modaliteit* (of wys), *toegewing, beperking, vergelyking, verhouding*, e.a.

§ 76. Op dieselfde manier soos die bvgl. bepalings kan ook die bywoordelike volgens hulle vorming in drie soorte verdeel word; nl.: *eenvoudige bwl. bep.*, *bwl. uitdrukings*, en *bwl. bysinne*.

§ 77. Eenvoudige bwl. bep. kan nie anders as 'n bywoord wees nie; b.v.:
by ww.: *mooi skrywe; vinnig hardloop; hoog sing; soetjies praat*;
by bvgl. w.: *'n baie diep put; 'n besonder mooi boek; 'n onhoubaar swak posiesie*;
by bw.: *baie lelik skrywe; taamlik lank wag; regtig mooi sing*.

§ 78. Die bwl. uitdrukings word net so gemaak as dié bvgl. uitdr., b.v.:

<i>skrywe</i>		<i>met 'n potlood</i> ;
<i>bewe</i>		<i>van die kou</i> ;
<i>wandel</i>		<i>in die veld</i> ;
<i>bleek</i>		<i>van skrik</i> .

§ 79. Die bwl. bysinne, sal ons, nes die bvgl. bysinne in die afdeling van die samegestelde sin behandel.

b. DIE SAMEGESTELDE SIN.

§ 80. As twee of meer sinne op so 'n manier aanmekaar gevoeg word, dat hulle een geheel uitmaak, dan noem ons dit 'n *samegestelde sin*.

Daar is twee soorte samestelling, nl. *neweskikkende* en *onderskikkende*. By die neweskikkende is die sinne wat aanmekaar verbind is, van gelyke taalkundige waarde en bly nog goeie sinne, al word hulle elkeen apart geneem. Aan die ander kant is daar by die onderskikkende samestelling net een sin, wat die eintlike gedagte uitdruk, terwyl die ander dien as onderdele van die eersgenoemde. Daarom sê ons, dat by neweskikking *twee of meer hoofsinne* met mekaar verbind is; maar by die onderskikking is net *een hoofsin*, en die ander word *bysinne* genoem.

I. Neweskikkende samestelling.

§ 81. As twee of meer sinne so verenig is, dat die gedagtes wat dit uitdruk, eenvoudig bymekaar geneem word, dan noem ons dit *aaneenskakelend* neweskikkend; b.v.: *Pa was gister dorp-toe en vandag gaan ek soontoe. Ek was baie teleurgesteld; ook my vriende het baie bedruk gevoel. Nie alleen wil ek jou verlof tot die werk gee nie, maar ek sal ook met plesier daaraan help.*

As die gedagtes wat in die twee sinne uitgedruk word, teenoor mekaar staan, dan is die neweskikking *teenstellend*; b.v.: *Ek wil jou graag help, maar ek is nie daartoe in staat nie. Ek het die man nie in die ongeluk gebring nie; inteeendeel, ek het hom soveel moontlik beskerm. Ek sou nog baie kon sê; terwille van die tyd sal ek egter maar stilbly.*

As die een sin die rede of oorsaak noem van wat in die ander gesê word, dan is die neweskikkende samestelling *redegewend* of *oorsaaklik*; b.v.: *Dit het die hele dag gereën; dus kon ons nie aan uitgaan dink nie. Ek was 'n bietjie laat, want langs die pad het ek 'n paar keer oponthoud gehad. Ek sal 'n nuwe hoed moet koop: ek kan m o s nie met hierdie ou ding na die fees toe gaan nie.*

II. Die onderskikkende samestelling.

§ 82. In elke onderskikkend samegestelde sin is daar een sin wat die hoofgedagte bevat; dit is die *hoofsin*; en een of meer *bysinne*, wat diens doen as onderdele van die hoofsin. So 'n bysin kan in die vorm waarin hy by die hoofsin staan, nie as 'n aparte sin gebruik word nie, omdat die volgorde van die woorde in 'n bysin anders is as in die hoofsin, of soos ons gewoonlik sê: omdat die *woordskikking* van 'n bysin anders is as die van 'n hoofsin.¹⁾

'n Bysin wat die plek van 'n snw. inneem, word 'n *selfstandige* bysin genoem (dit staan as 'n verkorting vir *selfstandig-naamwoordelike* bysin); staan hy in die plek van 'n bvgl. woord, dan noem ons dit 'n *byvoeglike* bysin; en doen hy die diens van 'n bw., dan gee ons hom die naam van *bywoordelike* bysin.

a. Selfstandige bysinne.

§ 83. 'n Snw. word hoofsaaklik gebruik as onderwerp, nwl. gesegde, of voorwerp (lydende, belangh., of oorsaaklike). As ons dus in die plek van 'n snw. 'n bysin gebruik, dan kan dit 'n *onderwerpsin*, *gesegdesin* of lyd., belh. of oors. *voorwerpsin* wees. B.v.:

Onderwerpsin: Wat ek jou sê, is waar. (Dit word gesê in plaas van: My woord is waar.)

Gesegdesin: Die uitslag is net, wat ek verwag het. (Dit word gesê in plaas van: Die uitslag is my verwagting).

Lyd. voorw.sin: Ek weet goed wat ek gesê het. (In plaas van: ek weet my woorde goed.)

Belh. voorw.sin: Wie hom vra, gee hy inligting. (In pl. v.: Hy gee alle vraers inligting.)

Oors. voorw.sin: Ek vertrou op wat hy beloof het. (In pl. v.: Ek vertrou op sy belofte).

OPMERKING. In plaas van: Hy dink om van sy verdienste te kan leef, kan ons sê: Hy dink om te kan leef van wat hy verdien. Die uitdrukking: van sy verdienste is nie 'n voorwerp nie; dus kan die bysin: van wat hy verdien, ook nie 'n voorwerpsin wees nie. 'n Goeie naam hiervoor sou wees: *selfst. bysin met 'n voorsetsel*.

¹⁾ Dis nl. die geval in Afrikaans; in Engels is die woordskikking van 'n bysin meesal net soos van 'n hoofsin.

In 'n sin soos die volgende: *Met die woorde: Alles sal regkom, het hy sy vriende gerusgestel*, is die sin: „*Alles sal regkom*” 'n bystelling by „*woorde*”, en daarom noem party dit 'n *apposiesie* sin wat vir ons 'n baie geskikte naam lyk.

b. Byvoeglike bysinne.

§ 84. Byvoeglike bysinne doen dieselfde diens as bvgl. woorde, en kom dus altyd voor as bepalings by 'n snw. of vnw. B.v.: *Die man, wat my die briefie gegee het, was baie haastig. Die wat dit weet, moet nou maar praat. Wys my die plek, waar die ongeluk gebeur het. Dit het gebeur in die tyd, toe daar nog baie leeus in die land was. Daar is geen mens nie, of hy moet sterf.*

OPMERKING. Hierdie laaste sin het die vorm van 'n newesk. samegest. sin (teenstellend), maar volgens die bedoeling is dit 'n ondersk. samegest. sin met 'n bvgl. bysin, nl.: *Daar is geen mens, wat nie moet sterf nie.*

c. Bywoordelike bysinne.

§ 85. Hierdie bysinne doen die diens van 'n bywoord of bwl. uitdrukking, en word dus by 'n ww., 'n bvgl. w. of 'n bw. gebruik. Hulle behoort gewoonlik by die gesegde. Daar is 'n hele paar soorte, b.v.:

van tyd: *Ons het gekom, toe die fees al verby was.*

van plaas: *Ek sal gaan, waar ek wil.*

van manier (of hoedanigheid): *Hy loop, asof hy die trein nog moet haal.*

van graad: *Sy was so swak, dat sy nie kon staan nie.*

van rede: *Hy kon die werk nie doen nie omdat dit te swaar was.*

van oorsaak: *Ons kon die dag nie tuis kom nie, deurdat die rivier vol was.*

van doel: *Ons moet maar hard werk, dat ons vorentoe kan kom.*

van gevolg: *Algar in die huis was siek, sodat ek die huishouding moes waarneem.*

- van omstandigheid: „Vat jy dit dan maar”, sê Piet, terwyl hy hom met trane in sy oë wegdraai.
- van voorwaarde: Ek sal jou help, mits jyself ook goed jou bes doen.
- van toegewing: Al is hy ook hoe kwaai, ek sal tog na hom toe gaan.
- van beperking: Ek sal hom help, vir sover as my kragte dit toelaat.
- van vergelyking: Jan lees baie beter as wat Piet ooit kan hoop om te lees.
- van verhouding: Hoe ouer ek word, hoe beter ek hierdie dinge verstaan.

c. ONVOLLEDIGE SINNE.

§ 86. Al die dele van 'n sin word nie altyd gesê nie: partykeer word een of meer dele waarop die aandag nie hoef te val nie, terwille van die kortheid weggelaat. So 'n sin word *onvolledig* genoem.

Daar is drie soorte onvolledige sinne, nl.: *samegetrokke*, *beknôpte*, en *elliptiese* sinne.

I. Samegetrokke sinne.

§ 87. By die neweskikkende samestelling gebeur dit dikwels, dat in twee of meer sinne dieselfde onderwerp, gesegde, voorwerp of bepaling voorkom. Gewoonlik word hierdie deel maar net een keer genoem. Dan sê ons dat die sinne *samegetrek* is by die onderwerp, die gesegde, ens.

Voorbeelde van sametrekking:

- By die onderwerp: Oom Jan kom vanaand met die trein hier, en (Oom Jan) gaan môre-oggend vroeg al weer weg.
- By die gesegde: Koos vertrek môre, en Piet (vertrek) oor 'n paar dae.
- By die koppelwoord: Meneer A is voorsitter, en Meneer B. (is) sekretaris van die vereniging.
- By 'n voorwerp: Jy koop (die boeke), Pa betaal (die boeke) en ek lees die boeke.

- e. By 'n bepaling: *In daardie tyd was Oom Gert lankal getroud, en (in daardie tyd) het Krisjan net op skool gekom.*

II. Beknopte sinne.

§ 88. Beknopte sinne kry ons by onderskikkende samestelling. 'n Beknopte sin is 'n bysin, wat so verkort is, dat dit nie meer op 'n sin lyk nie, maar op 'n bepalende uitdrukking. Die ww. in so 'n sin staan in die vorm van 'n onbepaalde wys (Kyk § 168) of 'n deelwoord (Kyk § 174), en die onderwerp word weggelaat.

Voorbeelde:

- a. Onderwerpsin: *Dat ek smôrens vroeg opstaan, is goed vir my gesondheid.*
 (beknop): *Om smôrens vroeg op te staan, is goed vir my gesondheid.*
- b. Gesegdesin: *Die vraag was, wat ons nou sou doen.*
 (beknop): *Die vraag was, wat om nou te doen.*
- c. Lyd. voorwerpsin: *Hy het my gevra, of ek met hom wou saamgaan.*
 (beknop): *Hy het my gevra om met hom saam te gaan.*
- d. Oors. Voorwerpsin: *Ek twyfel, of ek op tyd sal klaar kom.*
 (beknop): *Ek twyfel om op tyd klaar te kom.*
- e. Bvgl. bysin: *Hierdie vereniging, wat verlede jaar eers opgerig is, het nou al oor die vyfduisend lede.*
 (beknop): *Hierdie vereniging, verlede jaar eers opgerig, het nou al oor die vyfduisend lede.*
- f. Bwl. bysin: *Toe hy net uit die hospitaal ontslaan was, het die dapper kêrel weer dadelik op kommando gegaan.*

(beknop); *Net uit die hospitaal ontslaan, het die dapper kêrel toe weer dadelik op kommando gegaan.*

Om te weet met watter soort beknopte bysin ons in 'n bepaalde geval te doen het, moet ons dit eers volledig maak.

III. Elliptiese sinne.

§ 89. Die woord *ellips* beteken *weglating*. As ons dit so opvat, dan sou al die onvolledige sinne ellipties wees. Maar ons gebruik die naam *elliptiese sinne* vir sinne, waaruit terwille van die lewendigheid sekere woorde weggelaat is, *sodat net maar die woorde oorbly, waarop die aandag van die hoorder moet val*. B.v.:

Versigtig! (= *Wees versigtig!*)

Veels geluk! (= *Ek wens u veels geluk!*)

Stadig oor die klippe! (= *Jy moet stadig oor die klippe ry.*)

'n Slang! (= *Hier is 'n slang; pas op!*)

d. DIE WOORDSKIKKING.

§ 90. Onder *woordskikking* of *konstruksie* verstaan ons die volgorde, waarin die verskillende dele van 'n sin voorkom. Elke sindeel het sy vaste plek, en as 'n woord nie in sy gewone plek gebruik word nie, dan word dit gedoen om die aandag van die hoorder spesiaal daarop te vestig.

Die gewone volgorde word *regte woordskikking* genoem, en elke afwyking daarvan *omgesette woordskikking* of *inversie*. Die regte woordskikking is verskillend vir 1. 'n *bevestigende hoofsin*; 2. 'n *vraende of wensende hoofsin*; 3. 'n *bysin*; 4. 'n *ontkennende sin*.

§ 91. Voordat ons die woordskikking van hierdie vier soorte sinne nagaan, gee ons eers 'n paar *algemene reëls*.

1. 'n *Eenvoudige bvgl. bep.* staan gewoonlik voor die snw., waarby dit gebruik word; b.v.: *die goeie man*; 'n *onverwagte gebeurtenis*.
2. 'n *Bvgl. uitdr.* en 'n *bvgl. bysin* staan *na* die snw., waarby hulle gebruik word; b.v.: 'n *gedig van Leipoldt*; 'n *grap, waaroer jy nog gedurig moet lag*.

3. As die ww. van 'n enkelv. sin uit twee dele bestaan, dan word al die ander dele van die gesegde tussen die twee gevoeg; b.v.: *Ons gaan met vertroue die toekoms tegemoet* (ww. *tegemoetgaan*). *Hulle het vir dae en weke lank elke môre meer as 'n uur aan daardie ding gewerk* (ww. *het gewerk*).
4. As die sin 'n nwl. ges. het, dan staan die koppelw. op die plek waar in 'n werkingsin die ww. staan en die nwl. ges. op die plek, waar by 'n werkingsin die lyd. vw. kom; b.v.: *My broer is alweer ernstig ongesteld. Hy is nog nooit tevore regtig siek gewees nie.*

I. Woordskikking van 'n bevestigende hoofsin.

§ 92. Die onderwerp staan altyd vooraan. Dan kom die gesegde; maar as die ww. daarvan uit twee of meer woorde bestaan, dan kom die eerste woord net na die onderwerp en die ander deel heeltemal op die end van die sin, dus met die ander dele van die sin tussenin. B.v.:

Sonder voorw.: Pa kom môre. Pa sal môre kom. Pa sou graag môre wou kom.

Met een voorw.: Ek skryf 'n brief. Ek het gister 'n brief geskrywe.

Met twee voorw.: Ek gee jou 'n goeie raad. Pa het hom geld gestuur. Pa het geld vir hom gestuur.

Die bepalings van die ges. kom meesal voor die lyd. vw., maar bepalings van *manier* staan na die vw. B.v.:

Ons verkoop hier net manskler.

Ons het gister op hierdie plek baie vis gevang.

Ons het die vis met nette gevang.

Jy doen jou werk netjies.

As die lyd. vw. deur 'n vnw. uitgedruk is, moet die bepalings altyd agteraan kom; b.v.:

Lyd. vw. 'n snw.: Ons het gister op hierdie plek twee hasies geskiet. (Bep. voor die vw.)

Lyd. vw. 'n vnw.: Ons het hulle gister op hierdie plek geskiet. (Bep. na die vw.)

II. Woordskikking van die vraende of wensende sin.

§ 93. Vraende en wensende sinne verskil van die bevestigende net daarin, dat die onderw. en die ww. (of die ond. en die eerste stuk van die ww.) plekke omruil.

Pa kom vandag. Kom Pa vandag?

Die moeder sal haar kind kos gee.

Mog die moeder haar kind kos gee.

Niemand is 'n oomblik van sy lewe seker nie.

Is niemand 'n oomblik van sy lewe seker nie?

III. Woordskikking van die bysin.

§ 94. Hierin kom eers die woord wat die bysin met die hoofsin verbind. As dit, soos in 'n bvgl. bysin kan gebeur, toevallig die onderwerp is, dan is dit vanself op sy gewone plek in die begin. Is die verbindingswoord die lyd. of belh. vw., of 'n bwl. bep., dan volg die ond. onmiddellik daarop. Die eienaardigste kenmerk van die bysin in Afrikaans is, dat die gesegde heeltemal op die end staan. Bevat die ges. die hulpww. *het* of *word*, of 'n koppelw., dan kom dit nog na die hoofww. of die nwl. ges.; maar as daar een van die hulpww. of onselfst. ww. *sal*, *kan*, *mag*, *moet* of *wil* in voorkom, dan word hulle net voor die hoofww. gesit.

Voorbeelde:

Ek het dieselfde man ontmoet, wat jou onlangs so vriendelik gehelp het. (Ond. vooraan.)

Ek het dieselfde man ontmoet, wat jy verlede week uit die spruit uitgehelp het. (Ond. net na vw.)

Ek het dieselfde man ontmoet, van wie jy toe so'n goeie raad gekry het. (Ond. net na bwl. bep.)

Hulle sê, dat Jan hard werk. (Ww. agteraan.)

Hulle sê, dat Jan hard gewerk het. (Hulpww. het.)

Hulle sê, dat die huis môre verkoop word. (Hulpww. word.)

Hulle sê, dat die kantoor van 9 tot 4 oop is. (Koppelw. is.)

Hulle sê, dat die nuwe besending goed binnekort sal kom.
(Hulpww. sal.)

Hulle sê, dat die nuwe besending goed binnekort kan kom. (Onselfst. ww. kan.)

Hulle wens, dat die nuwe besending goed binnekort mag kom. (Onselfst. ww. mag.)

Hulle sê, dat jy nog 'n rukkie na hulle toe moet kom.
(Onselfst. ww. moet.)

Hulle sê, dat Pa die werk in twee weke klaar wil hê.
(Onselfst. ww. wil.)

OPMERKING. As die hoofsin 'n ww. soos *sê, antwoord, vra, uitroep* en dgl. bevat, kan die voorwerpsin, waarin vermeld word wat iemand *sê* of *vra*, ens., op twee maniere uitgedruk word. Die een is die *direkte rede*; dit gee die woorde van die spreker letterlik; b.v.:

Dingaan vra toe: „Wat kom jy hier maak?”

Retief antwoord: „Ons soek 'n plek om te woon”.

Die ander is die *indirekte rede*, waarin die woorde nie gegee word soos die spreker dit gesê het nie, maar soos 'n derde persoon dit oortel; b.v.:

Dingaan vra toe, wat hy daar kom maak.

Retief antwoord, dat hulle 'n plek soek om te woon.

Die laaste sin kan ook sonder die voegwoord *dat* uitgedruk word, met die bysin in die woordskikking van 'n hoofsin:

Retief antwoord, hulle soek 'n plek om te woon.

IV. Die ontkennde sin.

§ 95. Die ontkennde woorde is:

1^o. Die vnw. *niemand* en *niks*;

2^o. Die bvgl. w. *geen*;

3^o. Die bw. v. *tyd nooit*;

4^o. Die bw. v. plaas *nêrens*;

5^o. Die modale bw. *nie* ✓

els niks

Niemand en *niks* kan orals staan waar 'n snw. kan staan, want dit kan nes 'n snw. *onderwerp* of *voorwerp* wees, of met 'n voorsetsel 'n *bepaling* vorm. *Geen* staan altyd voor die snw. waarby dit gebruik word. Die ander drie kom in die gesegde voor op die plekke waar ook ander bwl. bepalinge van tyd, plaas of modaliteit gebruik word.

§ 96. Die ontkenkende woorde moet in die meeste gevalle versterk word deur toevoeging van die bw. *nie*, wat gewoonlik op die end van die sin kom. Hierdie konstruksie word die *dubbele ontkenning* genoem, en is een van die karakteristieke eienaardighede van Afrikaans. In sekere gevalle kan die tweede ontkenning weggelaat word, maar dit sal goed wees om eers die gevalle na te gaan, waarin dit gebruik moet word. Hierdie gevalle is die volgende:

- 1^o. As die onderwerp of voorwerp negatief is; m. a. w. as dit uitgedruk word met die woorde *niemand*, *niks*, *geen mens*, *geen ding*, *nie een*, *geeneen*, *nie 'n ding*, ens.
 - 2^o. As die gesegde die woorde *nooit* en *nêrens* bevat; en verder by enige ander negatiewe bepaling van die ges., wat met een van die woorde van § 95 uitgedruk is.
 - 3^o. As die ww. van die gesegde negatief is en uit twee stukke bestaan; dus as daar 'n hulpww. gebruik word, of by 'n samegestelde ww.; b.v.:
Ek sal nie val nie. (sal-val) *will fall*
Ek let nie op nie. (let-op) *be alert*
 - 4^o. As daar 'n voorwerp of 'n bepaling in die gesegde is, ook al bestaan die ww. uit een woord (Kyk § 97, 1); b.v.:
Ek verstaan nie die bedoeling daarvan nie.
Ek werk nie op Sondag nie
 (Kyk egter § 97, 4, Opm. II.)
 - 5^o. As die voorwerp of bepaling die vorm van 'n *selfst.* of *bwl. bysin* het, en die ontkenkende hoofsin voorstaan, dan kom die tweede ontkenkende woord na die bysin, alhoewel dit by die hoofsin behoort; dis dus 'n uitbreiding van die reël by 4^o vermeld; b.v.:
Ek verstaan nie, watter bedoeling jy daarmee het nie.
Ek werk nie, terwyl goeie Kristene die rusdag vier nie.
- § 97. Weglating van die tweede ontkenkende woord:
- 1^o. As die ww. van die gesegde uit een woord bestaan; b.v.:
Ek kom nie.

- 2^o. As die voorwerp 'n voornaamwoord sonder voorsetsel is, terwyl die gesegde uit een woord bestaan; b.v.:
Ek ken hom nie. Ek verstaan dit nie.

Maar met 'n voorsetsel is dit gewoonlik:

Ek ken nie vir hom nie.

- 3^o. As die gesegde uit een woord bestaan, en die bepaling uitgedruk word deur een van die verbindings *gladnie*, *regtig nie*, *seker nie*, *liewers nie*, *miskien nie*, *waarskynlik nie*, *mos nie*; b.v.:

Ek ken daardie man gladnie.

Ek kom môre maar liewers nie.

- 4^o. As die sin by omgesette woordskikking met die voorwerp of 'n bwl. bepaling begin, ook al is dit bysinne; b.v.:

Die bedoeling daarvan verstaan ek nie.

Op Sondae werk ek nie.

Watter bedoeling hy daarmee het, verstaan ek nie.

Terwyl goeie Kristene die rusdag vier, werk ek nie.

OPMERKING I. As egter in die hoofsin, wat nou agteraan staan, ook nog 'n bwl. bep. of 'n vw. voorkom, moet die ontkenning verdubbel word; b.v.:

Die bedoeling daarvan verstaan ek nie alte goed nie.

Op Sondae speel ek nie tennis nie.

OPMERKING II. Ook in die regte woordskikking kan sinne soos die eerste twee van bo-staande voorbeelde sonder verdubbeling van die ontkenning gevorm word, as die ontkenkende woord met nadruk gesê word; b.v.:

Ek verstaan die bedoeling daarvan nie.

Ek werk op Sondae nie.

OPMERKING III. As die ww. uit twee dele bestaan, behou die hoofsin by omgesette woordskikking die tweede ontkenning; b.v.:

Die bedoeling daarvan kan ek nie verstaan nie. (kan verstaan)

Op Sondae sal ek nie werk nie. (sal werk).

- 5^o. As 'n ontkenkende hoofsin 'n ontkenkende bysin by hom het, word die tweede ontkenning van die hoofsin weggelaat; b.v.:

✓ *Ek sal jou nie straf, as jy geen kwaad doen nie.*

Maar as die sin met die bysin begin, kry hoof- en bysin gewoonlik altwee die dubbele ontkenning; b.v.:

✓ *As jy geen kwaad doen nie, sal ek jou nie straf nie.*

↗ ↘ ↗

6°. As na die hoofsin 'n baie lang bysin volg, sodat in die loop daarvan die gedagte aan die ontkenkende hoofsin al verswak is, kan die tweede ontkenning in baie gevalle wegbly, of op 'n geskikte punt in die middel van die sin gesit word. B.v.:

Ek het hom toe ook maar reguit gesê, dat ek my nie geroepe voel om so 'n man te help wat eers deur sy luiheid en agtelosigheid sy boerdery laat agteruitgaan het, en wat nou wou probeer om deur die moeite en sweet van ander mense weer die groot man te word, wat dan sy vroeër verkwistende lewenswys op die ou voet sou kan voortsit.

Hier kan die tweede *nie* of wegbly, of heeltemal agteraan kom, of na *voel*, of na *help*. As die woorde „te help” heeltemal op die end van die sin geplaas word, kom die tweede *nie* daar agteraan; maar hierdie konstruksie maak die sin self 'n bietjie lam.

OPMERKING. Oor die algemeen is die gebruik van sulke lang sinne nie aan te beveel nie; hoewel natuurlik elke skrywer en spreker die reg het om hom uit te druk soos dit die beste met sy bedoeling ooreenkom.

§ 98. In gebiedende sinne word die ontkenning gewoonlik uitgedruk deur die woord *moenie*, wat 'n sametrekking is van *moet nie*; dit vereis 'n tweede *nie* aan die end; b.v.:
Moenie altyd soveel vra nie.

Moenie al jou geld daaraan waag nie.

Soms word die volledige vorm *moet nie* gebruik, as daar nl. 'n woordjie tussen die twee dele kom; b.v.:

Moet nou darem nie dink, dat ek jou met alles sal help nie.

'n Enkele maal word in 'n ontkenkende gebiedende sin die ww. gebruik sonder *moenie* of *moet nie*; b.v. in 'n gebed:
O Heer, verlaat my nie.

V. Die omgesette woordskikking.

§ 99. Partykeer wil ons besonder nadruk lê op die een of ander woord in 'n sin. Gewoonlik kom so 'n woord dan op 'n ongewone plek, in die reël voor, maar so nou en dan ook agteraan. Elke keer as ons 'n woord, wat in die middel of op die end van 'n sin behoort te staan, voor sit, is die gevolg dat die onderwerp en die werkwoord plekke omruil; m. a. w. die ww. kom dan

voor die onderwerp. Dit noem ons die *omgesette woordskikking* of *inversie*.

Voorbeelde:

Reg: Hy is 'n eerste grapmaker.

Omgesit: 'n Eerste grapmaker is hy.

Reg: Hy het my bedrieg.

Omgesit: My het hy bedrieg.

Reg: Ons het hier gister baie vis gevang.

Omgesit: Hier het ons gister baie vis gevang.

Gister het ons hier baie vis gevang.

Baie vis het ons hier gister gevang.

As 'n woord uit die middel van die sin op die end daarvan gesit word, dan behou die onderwerp en die werkwoord hulle gewone posiesie; b.v.:

Reg: Hy het my met 'n stok geslaan.

Omgesit: Met 'n stok het hy my geslaan.

Maar: Hy het my geslaan met 'n stok.

§ 100. Terwyl bwl. bysinne diens doen as bwl. bepalings, en dus meesal 'n onderdeel van die gesegde uitmaak, behoort hulle in die middel of op die end van die sin te kom. As so 'n bwl. bysin dus in die begin gebruik word, gebeur in die hoofsin dieselfde as wat gebeur as 'n gewone bwl. bep. in 'n enkelvoudige sin vooraan gesit word; onderwerp en werkw. verwissel dan ook van plek. B.v.:

Reg: My buurman het, toe hy die reën sien aankom, gou-gou al sy stoepblomme buite gesit.

Omgesit: Toe my buurman die reën sien aankom, het hy gou-gou al sy stoepblomme buite gesit.



Dieselfde gebeur as die bysin 'n voorwerpsin is, b.v.:

Reg: Jy kan maar gerus glo, wat ek vir jou sê.

Omgesit: Wat ek vir jou sê, kan jy maar gerus glo.

§ 101. Tabellariese oorsig oor die sin.

a. SINNE (volgens betekenis)	{	bestaansin	{	bedr. lyd.
		hoedanigh.sinn		
		werkingsinn		

**c. SINDELE:**

d. WOORDSKIKKING.

Regte	} woordsk.	van die <i>bevest. sin</i>
Omgesette		van die <i>vraende of wens. sin</i>
		van die <i>bysin.</i>
		van die <i>ontk. sin</i>

B. SINSONTLEDING.

I. Ontleding van die enkelvoudige sin.

§ 102. In 'n ontleding neem ons 'n sin uitmekaar, om duidelik te maak, watter diens elke afsonderlike deel in die sin verrig. Die eenvoudigste ontleding verdeel die sin in twee stukke, nl. die onderwerp in sy geheel en die gesegde in sy geheel. B.v.:

Daardie lelike perd het verlede Woensdag op die reises die eerste prys gewen.

Volledige ond.: *Daardie lelike perd.*

Volledige ges.: *het verlede Woensdag op die reises die eerste prys gewen.*

As die naam van die persoon, met wie ons praat, by die sin genoem is, b.v.: *Wat maak jy daar, Jan? Ma, ek gee die hoenders kos;* dan noem ons so 'n naam die *aangesproke* persoon.

In 'n gebiedende sin word die onderwerp gewoonlik nie bygesê nie, b.v.: *Kom hierso; gee my daardie boek.* By ontleding vul ons dan die sin met die woorde *jy, U, of julle* aan, en noem dit die *verswege onderwerp*.

§ 103. Ook 'n samegestelde sin, waarin bysinne voorkom, kan ons nes 'n enkelvoudige sin ontleed. Elke bysin kom dan by die woord, waarmee dit saamgaan. B.v.:

Die perd, wat verlede Woensdag die eerste prys gewen het, het toe so siek geword, dat die veearts vir sy lewe vrees.

Volledige ond.: *Die perd, wat verlede Woensdag die eerste prys gewen het.*

Volledige ges.: *het toe so siek geword, dat die veearts vir sy lewe vrees.*

§ 104. Maar gewoonlik neem ons by 'n ontleding die vernaamste woord van die volledige onderwerp en gesegde apart, en noem dit kortweg die onderwerp en die gesegde.

Ook neem ons die vernaamste woord van die voorwerp apart, en verder die bvgl. bepalings by ond., nwl. ges. of vw., en die bwl. bep. by die gesegde. Ook sê ons of die gesegde werkwoordelik of naamwoordelik is; of die voorwerp lydend, belanghebbend of oorsaaklik is; by die bvgl. bepalings, of hulle 'n apposiesie, soortbep. of gewone bvgl. bep. is; en by die bwl. bepalings noem ons die soort (v. tyd, plaas, ens.).

§ 105. 'n Maklike en duidelike manier van ontleding, waardeur die hoofdele en die ondergeskikte dele van 'n sin in hulle onderlinge verband aangetoon word, is die *uitsketsing* van 'n sin. Eers word die *ond.*, *ges.* en *voorwerpe* opgeskryf, en daaronder die bykomstige dele met strepe, wat duidelik laat sien, by watter hoofdeel die ondergeskikte deel behoort.

B.v.: *Stadig trek die swaar osse van my oom die groot skottelploeg vir ure lank deur die grond.*

<u>Ond.</u> <u>die osse</u>	<u>Ges.</u> <u>trek</u>	<u>L. Vw.</u> <u>die skottelploeg</u>
<i>swaar</i> (Eenv. bvgl. bep.)	<i>stadig</i> (Eenv. bwl. bep. v. manier)	<i>groot</i> (Eenv. bvgl. bep.)
<i>van my oom</i> (Bvgl. uitdr.)	<i>vir ure lank</i> (Bwl. uitdr. v. tyd)	
	<i>deur die grond</i> (Bwl. uitdr. v. plaas)	

§ 106. Dieselfde sin kan in 'n beskrywende vorm op die volgende manier ontleed word:

<i>Die osse</i>		Bedr. ond.		
<i>swaar</i>		Eenv. bvgl. bep. by die ond.		
<i>van my oom</i>		Bvgl. uitdr.	" "	"
<i>trek</i>		Wwl. ges.		
<i>stadig</i>		Eenv. bwl. bep. v. manier by die ges.		
<i>vir ure lank</i>		Bwl. uitdr. v. tyd	" "	"
<i>deur die grond</i>		Bwl. uitdr. v. plaas	" "	"
<i>die skottelploeg</i>		Lyd. vw.		
<i>groot</i>		Eenv. bvgl. bep. by die lyd. vw.		

§ 107. Ook kan dit in tabelvorm gedoen word. Dan maak ons ses kolomme, nl. vir die ond., bep. by die ond., ges., bep. by die ges., vw. en bep. by die vw. Na elke woord moet tussen hakies aangegee word, watter soort dit is. B.v.:

<i>Ond.</i>	<i>Bvgl. bep. by die Ond.</i>	<i>Ges.</i>	<i>Bwl. bep. by die ges.</i>	<i>Voorw.</i>	<i>Bvgl. bep. by die vw.</i>
die osse (Bedr.)	swaar (Eenv.) van my oom (Uitdr.)	trek (wwl.)	stadig (Eenv.v.man.) vir ure lank (Uitdr. v. tyd) deur die grond (Uitdr. v. pl.)	die skot- telploeg (Lyd.)	groot (Eenv.)

'n Ander voorbeeld:

*Gister het my vriend Willem my onverwags met die wa
van sy buurman 'n sak vars aartappels gestuur.*

<i>Ond.</i>	<i>Bvgl. bep. by die Ond.</i>	<i>Ges.</i>	<i>Bwl. bep. by die ges.</i>	<i>Voorw.</i>	<i>Bvgl. bep. by die vw.</i>
Willem (Bedr.)	my vriend (Soortbep.)	het ge- stuur (wwl.)	gister (Eenv.v. tyd) onverwags (eenv. v. man.) met die wa van sy buurman (Uitdr. v. middel)	my (belh.) aart- appels (lyd.)	vars (Eenv.) 'n sak (Hoeveelh.)

II. Ontleding van die samegestelde sin.

§ 108. 'n Samegestelde sin word eers ontleed in die sinne waaruit dit bestaan, met byvoeging of hulle newe- of onderskikkend verbind is. By die neweskikkende verbinding word bygevoeg of dit aaneenskakelend, teenstellend of redegewend is; ook word by elke sin die woord, waarmee dit aan 'n ander sin verbind is, opgegee. Ingeval die verbindingswoord ontbreek, sit ons dit tussen

1. My broer het baie geld gemaak, maar deur die brand in sy winkel het hy weer alles verloor.

- § 109. By die onderskikkende samestelling word by elke bysin gesê, in die eerste plek of dit 'n selfst., bvgl. of bwl. bysin is; verder of die selfst. bysin onderw., nwl. ges., lyd., belh., of oors. vw. of 'n bepaling is; en of 'n bwl. bys. 'n bys. v. tyd, plaas, ens. is. Party selfst. bysinne het nie 'n verbindingswoord nie; daar kan ons dus nie so 'n woord by vermeld nie. By die bvgl. bysinne is die verbindingswoord 'n *betr. vnw.* Hierdie woord word tweekeer opgegee: eers apart, as verbinding; en dan nog as 'n deel van die bysin. Bwl. bysinne is met die hoofsin verbind deur 'n *voegw.*, wat dus afsonderlik as verbinding genoem word. Uit die voorbeelde wat volg, sal alles duidelik word.

As ons die selfst. bysin van die hoofsin afsonder, dan bly daar van die laasgenoemde 'n stuk oor, wat apart geen volledige sin meer uitmaak nie. Ons noem dit daarom: *onvolledige hoofsin*.

1. *Wat jy daar sê, verwonder my.*
A. verwonder my — Onvoll. hoofsin
wat jy daar sê — Selfst. bys., ond. v. A.
2. *Dit is nou presies, wat ek altyd beweer het.*
A. Dit is nou presies — Onvoll. hoofsin
wat ek altyd beweer het — Selfst. bys., nwl. ges. v. A.
3. *Ek weet goed genoeg, wat ek gesê het.*
A. Ek weet goed genoeg — Onvoll. hoofsin
wat ek gesê het — Selfst. bys., lyd. vw. v. A.
4. *Ek vertrou op wat jy my beloof het.*
A. Ek vertrou — Onvoll. hoofsin
op — Voors. by die bysin
wat jy my beloof het — Selfst. bys., oors. vw. v. A.
5. *Dit is die kort inhoud van wat die spreker gesê het.*
A. Dit is die kort inhoud — Hoofsin
van — Voors. by die bysin
wat die spreker gesê het — Selfst. bys., bvgl. bep. by „inhoud”

(In die laaste voorbeeld is die hoofsin *volledig*, omdat die bysin net 'n *bepaling* is.)

§ 111. Die onderwerpsin kan voor of aan die end staan; maar as dit aan die end kom, gebruik ons op die plek, waar die onderwerp eintlik behoort te staan, d. w. s. in die begin, die woordjie *dit* of *daar*. B.v.: In plaas van: *Dat jy my die waarheid vertel, doen my groot genoeg*, kan ons sê: *Dit doen my groot genoeg, dat jy my die waarheid vertel*. In plaas van: *Dat die koning siek is, word in sommige koerante berig*, kan ons sê: *Daar word in sommige koerante berig, dat die koning siek is*. Die woordjies *dit* en *daar* is in dié geval s.g. *voorlopige* onderwerpe, wat maar net dien om die leë plek van die regte onderwerp in te neem. By die ontleding moet die stukke: *Dit doen my groot genoeg*, en: *Daar word in sommige koerante berig*, onvolledige hoofsinne genoem word, omdat die woordjies *dit* en *daar*, sonder die byvoeging van die regte onderwerpe, geen betekenis het nie.

'n Dergelike iets gebeur ook partykeer met gesegdesinne; b.v.: *Dis hulle, wat ons soveel las veroorsaak*

Hulle (ond.) is die veroorsakers van soveel las (ges.).
Die woordjie *dis* is 'n samesmelting van *dit is*; hiervan is *dit* die voorlopige nwl. gesegde.

§ 112. *Byvoeglike bysinne* kom baie maal voor en word maklik herken, deurdat hulle altyd by die een of ander snw. behoort. In die ontleding sê ons, *by watter snw.* (of *vnw.*) die bysin behoort. B.v.:

Iemand wat sy werk verwaarloos, sal nooit tot die mate van voorspoed kom, wat hy anders kon bereik het nie.

A. *Iemand sal nooit tot die mate*

van voorspoed kom nie — Hoofsin

wat

— Verbinding

wat sy werk verwaarloos — Bvgl. bys. by „iemand”

wat

— Verbinding

wat hy anders kon bereik

het

— Bvgl. bys. by „mate”

§ 113. *Bywoordelike bysinne.* Hierby moet gesê word, *by watter ww., bygl. w. of bw.* hulle gevoeg is, en natuurlik ook tot *watter soort bwl.* bysinne hulle behoort.

Voorbeelde:

1. *Jy sal kom, as die werk al klaar is.*

A. *Jy sal kom*

— Hoofsin

as

— Verbinding

die werk al klaar is — Bwl. bys. v. tyd by „kom”

2. *Alhoewel ek die hele dag gewerk het, is ek tog nie besonder moeg nie.*

A. *Ek is nie besonder moeg nie* — Hoofsin

alhoewel tog

— Verbinding

ek die hele dag gewerk het

— Bwl. bys. v. toegewing
by „is nie moeg nie”

3. *Die kind skreeu asof hy vermoor word.*

A. *Die kind skreeu*

— Hoofsin

asof

— Verbinding

hy vermoor word

... — Bwl. bys. v. vergelyking
by „skreeu”

§ 114. 'n Bysin kan met *toe* of *wanneer* begin, sonder om 'n bysin van tyd te wees; en 'n bysin, wat met *waar* begin, is nie altyd 'n bysin van plaas nie. B.v.:

Ek dink nog dikwels aan die dag, toe jy vir die eerste

keer by ons gekom het. Hier is „toe jy vir die eerste keer by ons gekom het” ’n bvgl. bysin by die snw. dag.

Dis die plek, waar my neef gesneuwel het. Hier is die bysin ook byvoeglik, en behoort by die snw. plek.

In die sinne: *Ek weet nie, wanneer ek tuis sal wees nie; Ek sal jou wys, waar my oom woon*, is die bysinne selfst. bysinne, voorwerpe van die hoofsinne.

§ 115. ’n Samegestelde sin, wat bysinne bevat, kan partykeer deur ’n uitsketsing nog duideliker gemaak word as deur ’n ontleding in beskrywende vorm. Hier is ’n paar voorbeelde:

Dat die aarde om die son draai, het Galileï al in die 16^e eeu met bewyse aangetoon.

Ond.	Ges.	Vw.
<u>Galileï</u>	<u>het aangetoon</u>	<u>dat die aarde om</u>
		<u>die son draai</u>
		(Selfst. bys.)
	al	
	(Eenv. bwl. bep.	
	v. tyd)	
	in die 16 ^e eeu	
	(Bwl. uitdr. v. tyd)	
	met bewyse	
	(Bwl. uitdr. v. middel)	

2. *Ons ryk oom op Jakobstad, wat daar een van die mooiste plase besit, het onlangs, toe my suster se dogtertjie verjaar het, vir haar ’n mooi pop met pragtige klere gestuur, wat seker minstens drie pond gekos het.*

Ond.	Ges.	Belh.vw.	Lyd. vw.
<u>Oom</u>	<u>het gestuur</u>	<u>vir haar</u>	<u>’n pop</u>
ons	onlangs		mooi
(Eenv. bvgl. bep.)	(Eenv. bwl. bep.)		(Eenv. bvgl. bep.)
ryk	toe my suster se		met pragtige
(Eenv. bvgl. bep.)	dogtertjie verjaar het		klere
op Jakobstad	(Bwl. bys. v. tyd)		(Bvgl. uitdr.)
(Bvgl. uitdr.)			wat seker min-
wat daar een van die			stens drie pond
mooïste plase besit			gekos het.
(Bvgl. bys.)			(Bvgl. Bys.)

§ 116. Dit gebeur baiekeer, dat 'n sin uit newegeskikte dele bestaan, maar dat elke deel weer, behalwe 'n hoofsin, nog een of meer bysinne bevat. Dan kan ons die sin eers opbreek in die newegeskikte dele, en elkeen daarvan weer ontleed in hoof- en bysinne. B.v.:

As 'n kwaad nog nie te vas ingewortel is nie, en 'n mens dit nog kan uitroei, kan hy maar gerus straf daarop sit; maar die strengste wette is vrugteloos, as die verkeerde gewoonte reeds 'n karaktertrek geword het.

Hierdie sin bestaan uit twee dele:

- I. *As 'n kwaad* ens. tot *sif.*
 maar — *Verbinding*
- II. *die strengste* ens. tot *geword het.*

Ontleding van I.

A. Hy kan maar gerus
straf daarop sit

— Hoofsin

as

— Verbindung v. A en a, b .

a. 'n kwaad nog nie te
vas ingewortel is nie ...
en

— Bwl. bys. v. tyd by A.

en

— Verbinding v. $\bar{a}$ en $\bar{b}$.

b. 'n mens dit nog kan
uitroei

— Bwl. bys. v. tyd by A.

Ontleding van II.

B. *Die strengste wette is vrugteloos*

— Hoofsin

as

— Verbindung v. B e n c.

c. die verkeerde gewoonte reeds

'n karaktertrek geword het — Bwl. bys. v. tyd by B.

§ 117. Na die ontleding in sinne kan elke sin nog weer in sy onderdele ontleed word. Dit kan gebeur in die beskrywende vorm van § 106, waarby elke sin met sy onderskeidende letter aangedui word; maar dit kan ook in tabelvorm gedoen word. Daarby het ons dieselfde ses kolomme van § 107, maar daarvóór staan nog drie kolomme: die eerste gee die sinne in hulle volgorde; die tweede sê watter soort sin dit elke keer is, en die derde gee die verbindingswoord. Dit lyk soos hierlangs:

Sinne	Soort	Verbind.	Ond.	Bvgl. bep. by die Ond.	Ges.	Bvgl. bep. by die Ges.	Voorw.	Bvgl. bep. by die Vw.
A. Hy kan maar gerus straf daarop sit.	Hoofs.		Hy		kan sit (wwl.)	maar (v. modal.) gerus (v. modal.) daarop (v. pl.)	straf (lyd.)	
a. 'n kwaad is nog nie te vas ingewortel nie.	Bwl. bys. v. tyd	as (A—a,b)	'n kwaad		is inge- wortel (wwl.)	nog (v. tyd) nie... nie (v. modal.) te vas (v. man.)		
b. 'n mens kan dit nog uit-roei.	Bwl. bys. v. tyd	en (a—b)	'n mens		kan uit- roei (wwl.)	nog (v. tyd)	dit (lyd.)	
B. Die strengste wette is vrug-teloos.	Hoofs.	maar (A—B)	die wette	strengste	is vrug- teloos (nwl.)			
c. die verkeerde gewoonte het reeds 'n ka-raktertrek geword.	Bwl. bys. v. tyd	as (B—c)	die ge- woonte	verkeerde	het 'n ka- rakter- trek ge- word (nwl.)	reeds (v. tyd)		

§ 118. By 'n woord in 'n bysin kan weer 'n bysin as bepaling gevoeg wees; dit noem ons dan 'n bysin van die 2^e graad. As daar by 'n woord in so 'n bysin van die 2^e gr. weer 'n bysin voorkom, dan is dit een van die 3^e gr., ens.

Ons gee hieronder ten slotte nog die uitsketsing van 'n neweskikkend samegest. sin, waarvan elkeen van sy dele bysinne bevat met bysinne van 'n verder graad.

Toe die man, wat die berig gebring het, weg was, neem Oupa, wat al die tyd skynbaar in die koerant sit en lees het, nes of die saak hom heeltemal nie aangaan nie, die brief van die tafel, en begin noukeurig die handskrif te bestudeer, asof hy 'n vermoede had, dat dit deur glad 'n ander persoon as wat die bringer voorgee, geskryf was.

(Die skets is so ingerig, dat elke bepaling en bysin deur 'n strepie verbind is met die bepaalde woord waarby dit behoort.)

Ond.	Ges.	Voorw.
<u>Oupa</u>	<u>neem</u> (wwl.)	<u>die brief</u> (lyd.)

wat al die tyd skynbaar in die koerant sit en lees het (Bvgl. bys.)

toe die man weg was (Bwl. bys.)

wat die berig gebring het (Bvgl. bys. 2^e gr.)

nes of die saak hom heeltemal nie aangaan nie

(Bwl. bys. 2^e gr.)

van die tafel (Bwl. uitdr.)
en (verb.)

Ond.	Ges.	Voorw.
<u>(Oupa)</u>	<u>begin te bestudeer</u> (wwl.)	<u>die handskrif</u> (lyd.)

noukeurig (Eenv. bwl. bep.)

asof hy 'n vermoede had

(Bwl. bys.)

dat dit deur glad

'n ander persoon geskryf was (Bvgl. bys. 2^e gr.)

as wat die bringer voorgee (Bwl. bys. 3^e gr.)